ALGEMENE KENNISGEWING 506 VAN 2024

STEVE TSHWETE PLAASLIKE MUNISIPALITEIT: KENNISGEWING VAN AANSOEK OM HERSONERING EN TOESTEMMING OM TE HUUR: IN TERME VAN ARTIKEL 94(2) VAN DIE "STEVE TSHWETE MUNICIPAL BY-LAW ON SPATIAL PLANNING AND LAND USE MANAGEMENT, 2016", SAAMGELEES MET "SPLUMA, 2013 (ACT NO. 16 OF 2013)": WYSIGINGSKEMA 116: BYLAE A95

Ek, Johannes Gerhardus Benadé (ID Nr: 621015 5064 08 1), van die firma Maxim Planning Solutions (Edms) Bpk (2002/017393/07) synde die gemagtigde agent van die eienaars van gedeeltes van die plase Dunbar No. 189-I.S., Halfgewonnen No. 190-I.S. en Weltevreden No. 193-I.S., gee hiermee ingevolge Artikel 94(2) van die "Steve Tshwete Municipal By-Law on Spatial Planning and Land Use Management, 2016", kennis dat ons in terme van Artikels 62 en 76 van die voorafgaande Verordening saamgelees met die "Spatial Planning and Land Use Management Act, 2013 (Act No. 16 of 2013)" en met Artikel 8.4 van die "Steve Tshwete Land Use Scheme, 2019", by die Steve Tshwete Plaaslike Munisipaliteit aansoek gedoen het vir hersonering van gedeeltes van die plase Dunbar No. 189-I.S., Halfgewonnen No. 190-I.S. en Weltevreden No. 193-I.S., geleë ±15km Suid-Wes van Hendrina, en Suid van Pad R542 (Van Dyksdrif / Hendrina Pad), vanaf "Landbou" na "Spesiaal", vir die doeleindes van 'n "Renewable Energy Structure", met spesifieke verwysing na 'n windplaas, na verwys te word as "Hendrina South Wind Energy Facility", asook vir toestemming om die volle kadastrale gedeeltes van die betrokke eiendomme vanaf die grondeienaars te huur, vir die doeleindes van 'n windplaas. Die voorgestelde ontwikkeling sal bestaan uit die oprigting van 'n wind-energie fasiliteit, ook verwys as 'n windplaas, van tot 200 Mega Watt, om gekoppel te word met die naby geleë Hendrina Kragstasie. Die windplaas sal bestaan uit 'n groep van windturbines, om elektrisiteit op te wek. Die oorblywende gedeeltes van die betrokke eiendomme gaan steeds vir landboudoeleindes gebruik word.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die Rekords Afdeling van die Steve Tshwete Plaaslike Munisipaliteit, hoek van Walter Sisulustraat en Wandererslaan, Middelburg, vir 'n tydperk van 30 dae vanaf **26 April 2024**. Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek, saam met die redes daarvoor, moet binne 'n tydperk van 30 dae vanaf **26 April 2024** skriftelik, of mondelings indien die beswaarmaker nie kan skryf nie, by of tot die gemagtigde agent en die Munisipale Bestuurder by bovermelde adres of by Posbus 14, Middelburg, 1050 ingedien of gerig word. Die sluitingsdatum vir die indiening van kommentaar, beswaar of vertoë is **27 Mei 2024**. Enige persoon wat nie kan skryf nie mag gedurende kantoorure die Steve Tshwete Plaaslike Munisipaliteit besoek, waar 'n aangewese amptenaar van die Steve Tshwete Plaaslike Munisipaliteit (Sibongile Mtsweni 013-249 7192) daardie persone sal assisteer deur die kommentaar, beswaar of vertoë te transkribeer.

ADRES VAN GEMAGTIGDE AGENT: MAXIM PLANNING SOLUTIONS (EDMS) BPK (2002/017393/07), EENHEID 35 CORPUS NOVEM KANTOORPARK, DR. YUSUF DADOOLAAN 35, WILKOPPIES, KLERKSDORP, 2571, POSBUS 6848, FLAMWOOD, 2572, TEL: (018) 468-6366, e-pos: johannes@maxim.co.za (2/1969)

26-3